# HOOFSTUK IV

# EVALUERING VAN DIE VOOGDOSENTSTELSEL

## 1. INLEIDING

Die voogdosentstelsel, tans in eksperimentele vorm, is een van die maatreëls wat aan die P.U. vir C.H.O. toegepas word om die eerstejaar te ontmoet, te oriënteer en hulp aan hom te verleen sodat hy moontlik doeltreffender kan aanpas en sodoende suksesvoller kan wees ten opsigte van akademiese vordering, deelname aan die verenigings- en sportlewe, en inskakeling by die koshuislewe en die terrein van die ongeorganiseerde verkeer en samesyn (sosiale lewe).[1]

Daar sal vervolgens getrag word om die bestaande voogdosentstelsel na waarde te skat deur die leemtes en voortreflikhede daarvan bloot te lê en deur vas te stel in hoeverre die stelsel sy doeleindes bereik.[2]

Twee groepe persone is by die aangeleentheid betrokke, te wete voogdosente en hulle pleegstudente. Daarom word albei dan ook in hierdie ondersoek betrek en word van vraelyste gebruik gemaak weens die omvang van die groepe. Twee aparte vraelyste[3] is opgestel, nl. een vir elk van die twee groepe. Ook is onderhoude[4] met 'n aantal gesaghebbende persone wat met die ontstaan en ontwikkeling van die stelsel gemoeid is, en was, gevoer. Die ondersoek is gedurende die tweede semester van die derde eksperimentele jaar van die stelsel uitgevoer.

---

1. P.U. vir C.H.O.: Die Eerstejaarstudent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 4-5.
2. Kyk Hoofstuk III, par. 4.
3. Bylaes IV en V.
4. Bylae VI.

Die vraelyste wat gebruik is, is so opgestel[5] dat besonderhede aangaande die ervarings van die dosente en studente met betrekking tot die voogdosentstelsel, die houdings en opinies ten opsigte van sake rakende die stelsel en aanbevelings ter moontlike verbetering van die stelsel saamgevat kan word, en sodat die response as aanduiding van die huidige stand van die voogdosentstelsel volgens die oordeel van die respondente kan dien. Om die neigings te toon, is die antwoorde telkens as persentasies van die totale response op 'n bepaalde vraag uitgedruk, soos in Bylaes VII, VIII en IX vervat is.

## 2. ONTLEDING VAN DIE ANTWOORDE OP DIE VRAELYS

Indien die antwoorde op die vraelyste aan voogdosente en eerstejaarstudente respektiewelik en die resultate van die persoonlike onderhoude met gesaghebbendes ontleed word,[6] is dit duidelik dat die response lig werp op die volgende sake:

(a) Die houding van huidige en gewese voogdosente teenoor die stelsel.[7]

(b) Ervarenheid van voogdosente.[8]

(c) Grootte van groepe pleegstudente.[9]

(d) Kontakmaking tussen voogdosente en hulle pleegstudente.[10]

(e) Die omvang van die stelsel.[11]

(f) Gebruikmaking deur studente van die hulp van voogdosente.[12]

---

5. Hoofstuk I, par. 3.
6. Bylaes VII, VIII, en IX.
7. Bylae VII, 1-2 en 5.
8. Bylae VII, 3.
9. Bylaes VII, 4 en VIII 6(1).
10. Bylaes VII, 6,7,12,17 en 19-23 en VIII 6(d), (e), (g), en (h).
11. Bylae VIII, 6(a).
12. Bylaes VII, 8 en 9 en VIII, 6(b) (c) en (d).

(g) Die aard van die voorligting wat gegee word.[13]

(h) Selfevaluering van voogdosente ten opsigte van hulle bevoegdheid as voogdosente.[14]

(i) Kontak met ouers van pleegstudente.[15]

(j) Voorkeure van pleegstudente ten opsigte van hulpverlening.[16]

(k) Die waarde van die vraelys aan eerstejaars.[17]

(l) Die waarde van die voogdosentstelsel volgens respondente.[18]

(m) Leemtes van die voogdosentstelsel volgens respondente.[19]

(n) Aanbevelings van respondente ter verbetering van die stelsel.[20]

(a) <u>Die houding van huidige en gewese voogdosente teenoor die voogdosentstelsel</u>

Uit die antwoorde op die vraag waarom voogdosente diens aanvaar het, blyk dit dat die meeste voogdosente - te wete 69 persent (44 uit 64) - die diens aanvaar het vanweë 'n positiewe ingesteldheid, naamlik om die eerstejaar tuis te laat voel, te oriënteer en hulp aan hom te verleen.[21] Hierteenoor is

---

13. Bylaes VII, 13, 14 en 15 en VIII 6(f).
14. Bylae VII, 31 en 26.
15. Bylae VIII, 6(k).
16. Bylae VIII, 5(m), (n) en (o) en 7(f) en (h).
17. Bylae VII, 27, 28 en 29.
18. Bylaes VII, 11, 16 en 24-26 en VIII, 6(i) en (j) en IX, 1-3.
19. Bylaes VII, 30 en IX, 4.
20. Bylaes VII, 32; VIII, 6(m) en IX, 5.
21. Bylae VII, 1(a)(i).

daar 'n minderheidsgroep van 31 persent (20 uit 64) wat minder positief ingestel was soos blyk uit hul motiverings vir diensaanvaarding, naamlik omdat dit van hulle verwag is, omdat om hulle dienste gevra is, omdat daar nie ander beskikbaar was nie en omdat hulle gedink het dat dit 'n goeie doel mag dien.[22]

Die antwoorde op die vraag na die redes waarom dosente nie hul dienste as voogdosent aangebied het nie toon dat die meeste, te wete 76 persent (22 uit 29) weens ander verpligtinge, omdat hulle pas tot die Universiteit toegetree het en gevolglik geen ervaring het nie, of omdat huisvaderdiens gedoen word, nie diens kon aanvaar nie.[23] Dit is egter, met inagneming van die 10 persent (3 uit 29) wat geen redes verstrek het nie, duidelik dat minstens 14 persent (4 uit 29) van hierdie dosente beslis teen die stelsel gekant is.[24]

Die affektiewe ingesteldheid van ervare voogdosente teenoor die stelsel blyk uit die vraag of hulle dit aangenaam, vervelig of lastig vind om as voogdosent op te tree. Volgens die antwoorde is dit duidelik dat die meerderheid, te wete 67 persent (43 uit 64), dit aangenaam vind om as voogdosent op te tree.[25] 'n Verdere 22 persent (14 uit 64) vind die diens aangenaam mits die studente nie hulle tyd mors nie, verpligtinge nie te veel is nie, en mits die studente saamwerk en van die aangebode hulp gebruik maak.[26]

Elf persent (7 uit 64) van die groep het geen kommen-

---

22. Bylae VII, 1(a)(ii).
23. Bylae VII, 1(b)(i), (ii) en (iii).
24. Bylae VII, 1(b)(iv) en (v).
25. Bylae VII, 2(a).
26. Bylae VII, 2(b).

taar gelewer nie, moontlik as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling.[27]

Uit die antwoorde op die vraag of dosente bereid sal wees om in die toekoms diens te lewer, blyk dat 75 persent (48 uit 64) van die voogdosente en gewese voogdosente gewillig is, mits die studente in een van hul eie klasse kan wees of mits dieselfde voorwaardes as vorige jare geld. Die res, nl. 25 persent (16 uit 64), is nie bereid nie omdat hulle uit die diens van die Universiteit tree, omdat hulle met verlof gaan of omdat hulle nie die tyd kan vind nie.[28] Wat die groepie nie-voogdosente betref wat vraelyste voltooi het, verklaar 38 persent (6 uit 16) hulle bereid om in die toekoms as voogdosente op te tree, terwyl 62 persent (10 uit 16) nie bereid is nie.[29] Hier moet egter in gedagte gehou word dat slegs 31 persent van die nie-voogdosente vraelyste voltooi het sodat die gegewens ongelukkig nie verteenwoordigend is nie.

Dit is voorts duidelik dat 'n veel hoër persentasie voogdosente en gewese voogdosente hulle bereid verklaar om in die toekoms as voogdosente op te tree as wat die geval met nie-voogdosente is.

(b) Ervarenheid van voogdosente

Volgens die antwoorde van respondente doen 53 persent (34 uit 64) van die voogdosente en gewese voogdosente wat vraelyste voltooi het sedert die instelling van die stelsel diens, met ander woorde hulle het 3 jaar ervaring. 'n Verdere 22

---

27. Bylae VII, 2(c).
28. Bylae VII, 5(a)(i) en (ii).
29. Bylae VII, 5(b)(i) en (ii).

persent (14 uit 64) het 2 jaar ervaring en 25 persent (16 uit 64) het slegs een jaar ervaring.[30]

Daar moet derhalwe op gelet word dat selfs daardie dosente wat vanaf die instelling van die voogdosentstelsel as voogde optree hoogstens drie jaar ervaring van die stelsel het.

(c) Grootte van groepe pleegstudente

Volgens die antwoorde van die voogdosente was daar 3 groepe met net een pleegstudent per groep - dit is .86 persent van die totale aantal pleegstudente, 2 groepe met 3 (1.5 persent), 5 groepe met 2 (2.9 persent), 19 groepe met 4 (21.9 persent), 12 groepe met 5 (17.3 persent), 2 groepe met 7 (4.0 persent), 2 groepe met 8 (4.6 persent), een groep met 10 (2.9 persent), een groep met 11 (3.1 persent), een groep met 19 (5.5 persent), 2 groepe met 25 (14.4 persent) en een groep met 72 pleegstudente (20.7 persent).[31]

Die pleegstudente se antwoorde stem egter nie heeltemal opreen met dié van die voogdosente nie. Volgens die pleegstudente was daar 3 groepe met een pleegstudent, dit is 0.9 persent van die totale aantal pleegstudente, 5 groepe met 2 (2.9 persent), 2 groepe met 3 (1.7 persent), 19 groepe met 4 (21.6 persent), 12 groepe met 5 (17.3 persent), 2 groepe met 7 (4 persent), 2 groepe met 8 (4.6 persent), een groep met 9 (2.6 persent), een groep met 10 (2.9 persent), een groep met 14 (4 persent), een groep met 19 (5.5 persent) en een groep met 61 pleegstudente (17.6 persent). Vyf en twintig

---

30. Bylae VII, 3(a),(b) en (c).
31. Bylae VII, 4(a),(b) en (c).

of 7.2 persent van die pleegstudente het nie geweet hoeveel pleegstudente in hulle groepe was nie en 24 pleegstudente, 6.9 persent, het nie die vraag beantwoord nie.[32]

Omdat die gegewens van voogdosente en pleegstudente nie heeltemal korreleer nie, is die amptelike indelingslys van pleegstudente by voogdosente geraadpleeg ten einde vas te stel wat die grootte van pleegstudentegroepe aan die begin van die jaar was. Volgens die indelingslys was die grootte van die onderskeie groepe soos volg:

TABEL I

AANTAL PLEEGSTUDENTE PER VOOGDOSENT, SOOS AAN DIE BEGIN VAN 1966.[33]

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Aantal vooggroepe | 1 | 7 | 37 | 3 | 1 | 2 | 1 | 0 | 2 | 1 | 3 | 1 | 3 | 1 | 1 | 64 |
| (b) Aantal studente in vooggroepe | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 68 | |
| (c) Totale aantal pleegstudente | 3 | 28 | 185 | 18 | 7 | 16 | 9 | 0 | 22 | 12 | 39 | 14 | 45 | 16 | 68 | 496 |

Dit blyk uit voorgaande tabel dat, met die aanvanklike indeling van pleegstudente in vooggroepe, die meerderheid vooggroepe naamlik 81 persent (52 uit 64) - uit 9 pleegstudente en minder bestaan het. Ses en veertig persent van die totale aantal pleegstudente was egter in vooggroepe wat uit meer as 10 studente per groep bestaan het. Een vooggroep het selfs soveel as 68 studente gehad. Hieruit blyk dat byna die helfte

32. Bylae VIII, 6(1)(i), (ii), (iii) en (iv).
33. Volgens die amptelike indelingslys van pleegstudente by voogdosente vir 1966.

van die totale aantal pleegstudente in groepe van meer as 10 studente per groep verdeel is.

(d) Kontakmaking tussen voogdosente en hulle pleegstudente

Die belangrikste oogmerk van die voogdosentstelsel is om op hoogte te bly met elke eerstejaarstudent se vordering en aanpassing aan die Universiteit sodat hulp verleen kan word wanneer nodig. Om op hoogte te kan bly, is dit dus nodig dat die voogdosente van tyd tot tyd hul pleegstudente sal ontmoet. Hierdie periodieke ontmoeting is op meer persoonlike kontakmaking gerig.

Hieronder volg die omvang van die kontak wat gemaak is, die wyse waarop kontak gemaak is, faktore wat kontak benadeel en die faktore wat kontak bevorder.

(i) Omvang van kontak wat gemaak is

Uit die antwoorde op die vraelys blyk dit dat verreweg die grootste meerderheid, 97 persent (62 uit 64), van die voogdosente en gewese voogdosente aan die begin van die jaar op die gestelde tye met hul pleegstudente kontak gemaak het, terwyl slegs 3 persent (2 uit 64) dit nie kon doen nie.[34]

Dit blyk voorts dat ten tye van die ondersoek, in September, slegs 25 persent (13 uit 51) van die voogdosente nog gereeld met hul pleegstudente kontak gemaak het, een en vyftig persent (26 uit 51) dit op hierdie stadium selde, en 24 persent (12 uit 51) dit nooit meer gedoen het nie.[35]

34. Bylae VII, 7(a)(i) en (ii).
35. Bylae VII, 6(a)(i) - (iii).

Volgens die pleegstudente het 38 persent (131 uit 347) binne die eerste week gereeld van hul voogdosente se hulp gebruik gemaak, terwyl slegs 5 persent (18 uit 347) na 'n kwartaal, en 3 persent (10 uit 347) na afloop van die eerste semester nog gereeld hulle voogdosente geraadpleeg het.[36] Verder het 30 persent (105 uit 347) binne die eerste week selde van hul voogdosent se hulp gebruik gemaak, twee en dertig persent (111 uit 347) van die pleegstudente het binne die eerste week nooit van hul voogdosent se hulp gebruik gemaak nie, 60 persent (208 uit 347) het na 'n kwartaal nooit en 77 persent (266 uit 347) het na die eerste semester nooit van hul voogdosent se hulp gebruik gemaak nie.[37]

Uit voorgaande blyk duidelik dat kontak tussen voogdosente en hulle pleegstudente na die oriënteringstydperk en veral gedurende die twee semester, grootliks verlore is, moontlik omdat beginprobleme opgelos is, daar nie meer vasgestelde tye vir ontmoeting is nie; die student meer selfstandig wil wees of omdat die student nie die vrymoedigheid het om die voogdosent te besoek nie.

(ii) Die wyse waarop kontak gemaak is

Uit die antwoorde op die vraelys blyk dat 42 persent (27 uit 64) van die voogdosente aan die begin van die jaar met al hul pleegstudente kontak maak, maar later meer selektief slegs met daardie pleegstudente wat

36. Bylae VIII, 6(d)(i) - (iii).
37. Ibid.

nog aanpassingsprobleme het. Veertien persent (9 uit 64) van die voogdosente het deurgaans slegs met sommige van hul pleegstudente kontak gemaak. Volgens 8 persent (5 uit 64) is kontak slegs met sommige pleegstudente net aan die begin van die jaar gemaak.[38]

Dit val op dat slegs enkele dosente, te wete 3 persent (2 uit 64), aanvaar dat ontmoeting daardeur bemoeilik is dat studente nie van vooraf bepaalde tye gebruik maak nie.[39]

Ten tye van die ondersoek, gedurende September, is 20 persent (8 uit 39) van die pleegstudente van tyd tot tyd deur voogdosente ontbied of is hulle in gewone klasse gesien.[40] Volgens 8 persent (3 uit 39) van die voogdosente vind kontak plaas slegs wanneer probleme opduik,[41] en 'n verdere 5 persent (2 uit 39) van die voogdosente soek kontak slegs deur terloopse ontmoeting.[42]

Uit voorgaande kan egter geen betroubare afleidings gemaak word nie, omdat 67 persent (26 uit 39) van die voogdosente wat op dié stadium nog met hul pleegstudente kontak gemaak het, geen besonderhede gegee het nie.[43]

Sommige voogdosente poog om die verloregaande kontak met hulle pleegstudente te bekamp deur na hulle pleegstudente se vordering en aanpassing te verneem. Een

38. Bylae VII, 7(b)(i) - (iii).
39. Bylae VII, 7(b)(iv).
40. Bylae VII, 6(b)(i).
41. Bylae VII, 6(b)(ii).
42. Bylae VII, 6(b)(iii).
43. Bylae VII, 6(b)(iv).

en sestig persent (39 uit 64) van die voogdosente het binne die eerste week na hul pleegstudente se vordering en aanpassing verneem, 69 persent (44 uit 64) het na 'n kwartaal, en 58 persent (37 uit 64) het na die eerste semester nog na hul pleegstudente se vordering en aanpassing verneem.[44] Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid van die voogdosente na hul pleegstudente se vordering en aanpassing verneem het en dat meer voogdosente na 'n kwartaal na hul studente se vordering verneem het as aan die begin van die jaar, moontlik as gevolg van die verloregaande kontak op hierdie stadium.

Volgens die besonderhede wat deur voogdosente in hierdie verband gegee is, het 9 persent (6 uit 64) dit moeilik gevind om na hul pleegstudente se vordering te verneem omdat probleme ondervind is om hulle te siene te kry. 'n Verdere 12 persent (8 uit 64) kon maklik na hul pleegstudente se vordering verneem aangesien hulle studente by hulle klasloop. Negentien persent (12 uit 64) het net met terloopse ontmoetings na hul pleegstudente se vordering verneem, 8 persent (5 uit 64) het afsprake met hulle pleegstudente gemaak, 3 persent (2 uit 64) het na elke toetsperiode na die vordering verneem,[45] 5 persent (3 uit 64) het die toetspunte opgeëis, 6 persent (4 uit 64) het gedurende persoonlike onderhoude na hul vordering verneem, 6 persent (4 uit 64) het in sommige gevalle tot aan die einde van die jaar na hul vordering

---

44. Bylae VII, 17(a)(i) - (iv).
45. Bylae VII, 17(b)(i) - (v).

verneem, 5 persent (3 uit 64) het hulle skriftelik uitgenooi om samesprekings te kom voer, en 27 persent (17 uit 64) van die voogdosente het geen besonderhede gegee nie.[46]

Dit blyk derhalwe dat die meeste voogdosente doelbewuste pogings aangewend het om na hul pleegstudente se vordering en aanpassing te verneem, maar dat sommige voogdosente, in weerwil van hul pogings, nie daarin kon slaag om op hoogte te bly met hulle pleegstudente se vordering en aanpassing nie.

In teenstelling met voorgaande dui die antwoorde van pleegstudente op 'n gebrek aan persoonlike belangstelling deur 'n groot persentasie voogdosente. Volgens 49 persent (170 uit 347) van die pleegstudente het hulle voogdosente nooit na hulle welstand verneem nie. Slegs 23 persent (81 uit 347) getuig dat hulle voogdosente gereeld of dikwels na hulle vordering en aanpassing verneem het, terwyl 19 persent (65 uit 347) aantoon dat hulle voogdosente enkele kere na hulle welstand verneem het. Nege persent (31 uit 347) van die pleegstudente was onseker met betrekking tot die aangeleentheid.[47]

Dit is duidelik dat 50 persent (32 uit 64) voogdosente doelbewus na hul pleegstudente moes soek om kontak met hulle te kon maak.[48] Van hierdie 50 persent verklaar 9 persent (6 uit 64) dat hulle na hulle pleegstudente moes soek omdat die pleegstudente nie hul vak neem nie, 5 per-

---

46. Bylae VII, 17(b)(vi) - (x).
47. Bylae VIII, 6(e)(i) - (iv).
48. Bylae VII, 19(a).

sent (3 uit 64) sê dat kontak slegs met enkeles gemaak is, 3 persent (2 uit 64) wys daarop dat hul pleegstudente selfs nie vir afsprake op gedaag het nie, 2 persent (1 uit 64) het kennisgewings aan pleegstudente gestuur om hulle te kom spreek, 2 persent (1 uit 64) het die eerste ruk na hulle gesoek maar toe het die studente gewoonlik nie probleme gehad nie, 2 persent (1 uit 64) sê dat enkele studente nooit by hom uitgekom het nie en dat hulle selfs na aansporing, nie belang gestel het nie, 3 persent (2 uit 64) beweer dat hulle veral gesukkel het nadat pleegstudente reeds in seniorstudente vertroue gekry het, 2 persent (1 uit 64) sê dat die uitruiling van studente tussen voogde aan die begin van die jaar verwarring veroorsaak het, 2 persent (1 uit 64) het sy pleegstudente deur hul maats bereik, 5 persent (3 uit 64) sê dat hulle later in die jaar na hul pleegstudente moes soek en 17 persent (11 uit 64) van die voogdosente het geen besonderhede gegee nie.[49]

Dertig persent (19 uit 64) van die voogdosente het dit egter nie nodig gevind om na hul pleegstudente te soek om kontak te kon maak nie.[50] Van hierdie 30 persent het 6 persent (4 uit 64) afsprake met hul pleegstudente gereël, 3 persent (2 uit 64) se pleegstudente het spontaan gekom, 8 persent (5 uit 64) van hierdie groep het nie gesoek nie maar sou dit moes doen as hulle kontak

---

49. Bylae VII, 19(a)(i) - (xi).
50. Bylae VII, 19(b).

wou maak, en 13 persent (8 uit 64) het geen besonderhede verstrek nie.[51]

Deur 20 persent (13 uit 64) is nie 'n besliste antwoord in hierdie verband gegee nie.[52] Volgens die besonderhede wat hierdie groep verstrek het, het 5 persent (3 uit 64) van hulle kontak verkry op die tyd en plek soos in die eerstejaarsprogram aan die begin van die jaar aangedui, met ander woorde hulle het nie na die oriënteringstydperk na pleegstudente gesoek nie. Een persent (1 uit 64) het die eerste paar jaar wat hy voogdosent was, probeer om sy pleegstudente in die hande te kry, maar het dit daarna laat vaar, een voogdosent maak afsprake met sy pleegstudente, een gebruik 'n sameroeper om hulle te soek, een moes in enkele gevalle soek, 5 persent (3 uit 64) moes somtyds na sommiges soek en 5 persent (3 uit 64) van die voogdosente het nie na pleegstudente wat nie op die uitnodiging gereageer het gesoek nie.[53]

Uit voorgaande blyk dat die meeste voogdosente moeite doen om hul pleegstudente in die hande te kry om na hul vordering te kan verneem en om hulp te verleen. Dit is ook duidelik dat sommige pleegstudente moeilik bekombaar is vir hul voogdosente. Daar is egter ook enkele voogdosente wat geen moeite doen om op hoogte te bly met hul pleegstudente se vordering en aanpassing nie.

---

51. Bylae VII, 19(b)(i) - (iv).
52. Bylae VII, 19(c).
53. Bylae VII, 19(c)(i) - (vii).

(iii) Die faktore wat kontak benadeel

Sekere faktore is daarvoor verantwoordelik dat die kontak tussen voogdosente en hulle pleegstudente benadeel word. In hierdie verband het 27 persent (95 uit 347) van die pleegstudente aangedui dat hulle nie die vrymoedigheid het om met hul voogdosente oor hul probleme te gesels nie.[54] Vyftig persent (47 uit 95) van hierdie groep pleegstudente voer aan dat hulle voogdosente hulle nie werklik ken nie, 15 persent (14 uit 95) beweer dat die voogdosente nie in hulle belang stel nie, 6 persent (6 uit 95) voel dat dit nie sal help om hulle voogdosente te raadpleeg nie, 5 persent (5 uit 95) wil nie hulle voogdosente lastig val nie,[55] 2 persent (2 uit 95) beweer dat daar te veel pleegstudente by een voogdosent is, 2 persent (2 uit 95) voer aan dat hulle voogde te jonk is, 2 persent (2 uit 95) het vertroue in hulle voogdosente verloor, 2 persent (2 uit 95) het nie die nodige selfvertroue gehad om hulle voogdosente te raadpleeg nie en 16 persent (15 uit 95) het nie probleme gehad nie.[56] Volgens 6 persent (4 uit 64) voogdosente gaan kontak verlore as studente se probleme opgelos is.[57]

'n Verdere faktor wat kontakmaking waarskynlik benadeel, is die feit dat 49 persent (170 uit 347) van die pleegstudente se voogdosente nooit eers na hulle pleegstudente se welstand verneem het nie en dat 19 persent (65 uit 347) se voogdosente dit slegs enkele kere gedoen

---

54. Bylae VIII, 6(g)(ii).
55. Bylae VIII, 6(h)(i) - (iv).
56. Bylae VIII, 6(h)(v) - (ix).
57. Bylae VII, 12(c)(iv).

het.[58] Dit val op dat ook 19 persent (12 uit 64) van die voogdosente die gebrek aan vrymoedigheid by studente om die voogdosente te raadpleeg as verswarende faktor aandui.[59]

Nog 'n faktor wat kontak benadeel is die feit dat sommige vooggroepe te veel pleegstudente insluit, soos aangedui deur 6 persent (4 uit 64) van die groep voogdosente[60] en ook deur die 2 persent (2 uit 95) van die groep pleegstudente wat nie die vrymoedigheid het om hulle voog te raadpleeg nie.[61]

Voorts wys dertien persent (8 uit 64) van die voogdosente daarop dat voortgesette kontak bemoeilik word deur die feit dat die pleegstudente in baie gevalle nie hulle voogdosente se vakke neem nie en gevolglik moeilik bekombaar is.[62]

Volgens 3 persent (2 uit 64) van die voogdosente kan kontak nie behoue bly nie, omdat voogdosente te veel ander verpligtinge het, en ten slotte wys 14 persent (9 uit 64) van hulle daarop dat voortgesette kontak afhang van die voogdosent se geaardheid, belangstelling en gemotiveerdheid.[63]

(iv) Faktore wat kontak bevorder

As die pleegstudent die vak neem wat sy voogdosent doseer, is dit vanselfsprekend dat kontak geredeliker be-

58. Bylae VIII, 6(e)(i) en (iii).
59. Bylae VII, 12(c)(i).
60. Bylae VII, 12(c)(iii).
61. Bylae VIII, 6(h)(v).
62. Bylae VII, 12(c)(ii).
63. Bylae VII, 12(c)(v) en (vi).

werkstellig sal kan word as wanneer dit nie die geval is nie. In hierdie verband val dit op dat slegs 19 persent (12 uit 64) van die voogdosente se hele groep pleegstudente by hulle klasloop. Hierteenoor is 44 persent (28 uit 64) se pleegstudente nie by hulle in die klas nie en het 37 persent (24 uit 64) voogdosente slegs sommige van hul pleegstudente in hulle klasse.[64]

Nog 'n maatreël wat die wedersydse belangstelling tussen voogdosent en pleegstudent moontlik kan aanhelp, is die plasing van familie of kinders van vriende of kennisse by voogdosente as pleegstudente. Dit val egter op dat die meerderheid voogdosente verkies om nie bekendes of familiebetrekkinge as pleegstudente te hê, soos blyk uit die feit dat 70 persent (45 uit 64) van die voogdosente onbekendes verkies.[65] Van hierdie 70 persent verklaar 3 persent (2 uit 64) dat hulle die bekendes self opsoek,[66] is 11 persent bereid om enige student te aanvaar, is 5 persent (3 uit 64) bevrees dat bekendes as pleegstudente 'n neiging tot nepotisme kan kweek, verkies 18 persent (12 uit 64) vakstudente bo bekendes as pleegstudente, en het 33 persent (21 uit 64) geen besonderhede verstrek nie.[67] Slegs 30 persent (19 uit 64) verkies bekendes as pleegstudente[68] en wel omdat hulle reken dat bekendes geredeliker met hulle probleme na hul voogdosent sal gaan of dat bekendes gemakliker en meer ontspanne met die voog sal verkeer.[69]

---

64. Bylae VII, 20(a), (b) en (c); vergelyk ook 21(a)-(h).
65. Bylae VII, 23(b).
66. Bylae VII, 23(b)(i).
67. Bylae VII, 23(b)(ii)-(vi).
68. Bylae VII, 23(a).
69. Bylae VII, 23(a)(i) en (ii).

Dit is egter opmerklik dat ongeveer een derde van die voogdosente wat voorkeur aan bekendes as pleegstudente gee nogtans die voorwaarde stel dat hulle studente in die voog se vakrigting moet wees.[70] Hierdie klaarblyklike teëspraak is 'n verdere aanduiding van die waarde wat dosente daaraan heg dat pleegstudente die voog se vak moet neem.

Afgesien van genoemde teenkanting van voogdosente, is dit waarskynlik dat heelwat pleegstudente nóg familiebetrekkinge nóg bekendes onder voogdosente sal hê sodat verwantskap of bekendheid nouliks 'n algemeen geldende basis vir pleegstudentindeling kan wees. Ten tye van hierdie ondersoek het slegs 14 persent (9 uit 64) van die voogdosente kinders van familie of vriende as pleegstudente gehad.[71]

(e) Die omvang van die stelsel.

Die omvang van die voogdosentstelsel blyk daaruit dat 92 persent (347 uit 367) van die eerstejaarstudente in 1966 by voogdosente ingedeel was. Die orige 8 persent het óf laat gekom, óf van kursus verander en is nie heringedeel nie.[72]

Dit is derhalwe duidelik dat sover moontlik gepoog word om alle eerstejaarstudente aan voogde toe te sê maar dat daar tog 'n aantal studente is wat nie die voordeel van die stelsel geniet nie.

70. Bylae VII, 23(a)(ii).
71. Bylae VII, 22(a).
72. Bylae VIII, 6(a)(i) en (ii).

(f) <u>Gebruikmaking deur studente van die hulp van voogdosente</u>

Ontleding van die antwoorde van dosente toon dat 81 persent (52 uit 64) van hulle inderdaad deur pleegstudente genader is met die oog op hulpverlening. Slegs 16 persent (10 uit 64) is nooit genader nie en 3 persent (2 uit 64) het nie die vraag beantwoord nie.[73] Sewentien persent (11 uit 64) van die voogdosente wys daarop dat hulp veral aan die begin van die jaar gevra is, 'n verdere 50 persent (32 uit 64) is slegs deur sommige studente, veral dié wat in hulle klas is, geraadpleeg oor verskeie probleme wanneer studente dit nodig geag het, agt persent (5 uit 64) is selde om hulp genader, en 2 persent (1 uit 64) getuig dat sy hulp glad nie ingeroep is nie. Drie en twintig persent voogdosente (15 uit 64) het in hierdie verband geen besonderhede vertrek nie.[74]

Dit val egter op dat 95 persent (61 uit 64) voogdosente aantoon dat ander studente (nie pleegstudente nie) van hulle hulp gebruik gemaak het,[75] wat daarop dui dat studente soms blykbaar verkies om die dosent van sy eie keuse om hulp te nader.

Ook die meerderheid pleegstudente getuig dat hulle wel van hul voogdosente se hulp gebruik maak, te wete 56 persent (195 uit 347).[76] Van die 195 pleegstudente wat wel van hulle voogdosente se hulp gebruik gemaak het, het 92 persent (180 uit 195) volgens hulle eie oordeel baat by die hulp gevind.[77]

Wat die tyd van die jaar betref waarop die meeste pleegstudente van hul voogde se hulp gebruik gemaak het, blyk dat

---

73. Bylae VII, 8(a)(i) - (iii).
74. Bylae VII, 8(b)(i) - (v).
75. Bylae VII, 9(a)(i) - (ii).
76. Bylae VIII, 6(b)(i) en (ii).
77. Bylae VIII, 6(c)(i).

38 persent (131 uit 347) binne die eerste week gereeld, 30 persent (105 uit 347) binne die eerste week selde, en 32 persent (111 uit 347) binne die eerste week nooit van hul voogde se hulp gebruik gemaak het nie.[78] Na 'n kwartaal het slegs 5 persent (18 uit 347) en na die eerste semester het slegs 3 persent (10 uit 347) nog gereeld van hul voogdosent se hulp gebruik gemaak.[79] Na 'n kwartaal het 60 persent (208 uit 347) en na die eerste semester 77 persent (266 uit 347) hulle voogdosente nooit weer geraadpleeg nie.[80]

Uit voorgaande blyk dat die meerderheid pleegstudente, maar ook heelwat ander studente, van voogdosente se hulp gebruik maak; dat hulp hoofsaaklik in die begin van die akademiese jaar gesoek word en dat slegs 'n geringe persentasie pleegstudente na die eerste kwartaal by voogdosente om hulp aanklop.

(g) Die aard van die voorligting wat gegee word

Een en negentig persent (58 uit 64) van die groep voogdosente het hulp verleen t.o.v. die voltooi van die vraelys aan eerstejaars,[81] 94 persent moes pleegstudente adviseer ten opsigte van die samestelling van 'n studiekursus, waarmee 38 persent (130 uit 347) van die pleegstudente probleme ondervind en hulp ontvang het;[82] 89 persent (57 uit 64) het pleegstudente gehelp met vakkeuse, waarmee 31 persent (107 uit 347) van die pleegstudente probleme ondervind het;[83] 73 persent (47 uit 64) van die voogdosente het hul pleegstudente ge-

78. Bylae VIII, 6(d)(i).
79. Bylae VIII, 6(d)(ii) en (iii).
80. Ibid.
81. Bylae VII, 13(a)(i).
82. Bylae VII, 13(a)(ii) en Bylae VIII 6(f)(ii).
83. Bylae VII, 13(a)(iii) en Bylae VIII 6(f)(i).

help met die invul van registrasiekaarte;[84] 75 persent (48 uit 64) moes die program vir die eerste week verduidelik;[85] 73 persent (47 uit 64) het groepvoorligting gegee ten opsigte van studiemetodes, waarmee 5 persent (18 uit 347) van die pleegstudente probleme ondervind het;[86] nege persent (30 uit 347) van die pleegstudente het ongespesifiseerde hulp ten opsigte van die akademie ontvang;[87] 66 persent (42 uit 64) van die voogdosente het beroepsvoorligting gedoen, waarmee 2 persent (8 uit 347) van die pleegstudente probleme ondervind het;[88] 'n verdere 66 persent (42 uit 64) van die voogdosente het gehelp t.o.v. persoonlike probleme waarmee 2 persent (8 uit 347) van die pleegstudente te kampe gehad het;[89] 6 persent (4 uit 64) het groepvoorligting gegee ten opsigte van die aanpassing by die studentelewe, waarby minder as 1 persent van die pleegstudente betrek is;[90] 6 persent (4 uit 64) het voorligting in verband met koshuise gegee waarmee 1 persent (3 uit 347) van die studente probleme gehad het;[91] twee persent (1 uit 64) het gehelp met die lees van die rooster, waarmee 2 persent (7 uit 347) van die pleegstudente moeilikhede gehad het;[92] en 3 persent (2 uit 64) van die voogdosente het inligting verskaf oor beursmoontlikhede waarmee 1 persent (2 uit 347) van die pleegstudente probleme ondervind het.[93]

---

84. Bylae VII, 13(a)(iv).
85. Bylae VII, 13(a)(v).
86. Bylae VIII, 6(f)(iii) en Bylae VII, 13(a)(vi).
87. Bylae VIII, 6(f)(vi).
88. Bylaes VII, 13(a)(x) en VIII, 6(f)(v).
89. Bylaes VII, 13(a)(xi) en VIII, 6(f)(iv).
90. Bylaes VII, 14(a)(i) en VIII, 6(f)(xiv).
91. Bylaes VII, 14(a)(iii) en VIII, 6(f)(ix).
92. Bylaes VII, 14(a)(xiii) en VIII, 6(f)(x).
93. Bylaes VII, 14(a)(ii) en VIII, 6(f)(xiii).

Volgens 1 persent (2 uit 347) van die pleegstudente is hulp ook gegee ten opsigte van universiteitsreëls en het minder as 1 persent hulp ontvang ten opsigte van sport.[94] Vyf en twintig persent studente (86 uit 347) beweer dat hulle geen probleme gehad het nie en 'n verdere 14 persent (48 uit 347) sê dat hulle voogdosente hulle met niks gehelp het nie.[95]

Hierbenewens het 63 persent (40 uit 64) van die voogdosente hulp verskaf ten opsigte van tydsbesteding, het 41 persent (26 uit 64) leiding gegee ten opsigte van die afneem van notas in die klas, het 37 persent (24 uit 64) verduidelik hoe om van bronne gebruik te maak, het 3 persent (2 uit 64) voorligting oor finansies, liefdesake, persoonlike/verhoudinge en huislike probleme gegee, het 3 persent (2 uit 64) voorligting gegee oor die gees en rigting van die Universiteit en die inpassing van die eerstejaar, het 2 persent (1 uit 64) die studente ingelig aangaande die organisasie en administrasie van fakulteite, het 3 persent (2 uit 64) leiding gegee aangaande klasbywoning en die groet van dosente, het 3 persent (2 uit 64) voorligting gegee ten opsigte van verhoudinge met kamermaats en medestudente, het 2 persent (1 uit 64) studente geadviseer oor die aankoop van voorgeskrewe boeke, het 3 persent (2 uit 64) die deelname aan studentebedrywighede bespreek, het twee persent (1 uit 64) gepraat oor probleme wat mag ontstaan en akademiese eise wat gestel word, het twee persent (1 uit 64) aandag gegee aan wat die lewe aan die Universiteit behels, het een (2 persent) gepraat oor die benadering van die akademie en het een voogdosent (2 persent) die studente se nuwe verantwoordelikhede en vryhede

94. Bylae VIII, 6(f)(xi) en (xii).
95. Bylae VIII, 6(f)(vii) en (viii).

bespreek.[96] Agt en vyftig persent (37 uit 64) van die voogdosente het geen besonderhede gegee nie.[97]

Dit val op dat 78 persent (50 uit 64) van die voogdosente hulle pleegstudente individueel voorgelig het, terwyl slegs 19 persent (12 uit 64) met groepvoorligting volstaan het. Die orige 3 persent (2 uit 64) het hierdie vraag nie beantwoord nie.[98]

Dit blyk uit die voorgaande dat voorligting oor alle relevante aspekte van die universitêre lewe gegee is, dat die groot meerderheid dosente individuele voorligting onderneem, dog ook dat 14 persent van die studente beweer dat hulle geen hulp ontvang het nie.

(h) Selfevaluering van voogdosente ten opsigte van hul bevoegdheid as voogdosent

Volgens hulle eie oordeel is alle voogdosente nie geskik of genoegsaam toegerus om as voogdosent op te tree nie. In hierdie verband ag 59 persent (38 uit 64) van die groep voogdosente hulself as bevoeg genoeg om as voogdosent op te tree, maar van hierdie 59 persent stel 3 persent (2 uit 64) dit as voorwaarde dat nie van hulle verwag moet word om keer op keer agter pleegstudente aan te loop nie. Twintig persent (13 uit 64) ag hulself bevoeg mits die voorligting hoofsaaklik beperk bly tot die dissipline wat die voogdosent beoefen. Agt persent (5 uit 64) stel die voorwaarde dat deskundige hulp beskikbaar moet wees om gevalle heen te verwys wat hulleself nie kan behartig nie en 5 persent (3 uit 64) het die voorbehoud dat voldoende tyd beskikbaar moet wees om aandag aan pleegstudente te kan gee.[99]

96. Bylae VII, 13(a)(vii)-(ix) en 14(a)(ii)-(xii) en (xiv)-(xv).
97. Bylae VII, 14(b).
98. Bylae VII, 15(a)(i) - (iii).
99. Bylae VII, 31(a) en (a)(i) - (iv).

Twee en twintig persent (14 uit 64) van die voogdosente is onseker of hulle bevoeg is en 5 persent (3 uit 64) ag hulle slegs geskik om voorligting ten opsigte van hul eie vakgebied te gee.[100] Drie persent (2 uit 64) twyfel of hulle oor die vereiste persoonlikheid, benadering en houding beskik, 'n verdere 5 persent (3 uit 64) voer aan dat hulle kennis van die studentelewe te beperk is, 3 persent (2 uit 64) beweer dat hulle nie genoegsaam opgelei is vir die taak nie, en 6 persent (4 uit 64) van dié groep het geen besonderhede gegee nie.[101]

Die groep wat hulself as onbevoeg ag, beslaan 19 persent (12 uit 64) van die totaal. Hiervan benadruk 6 persent (4 uit 64) hul onvermoë om buite hul eie vakrigting raad te gee, voer een voogdosent (2 persent) aan dat hy onbevoeg is weens persoonlike tekortkominge, beweer 3 persent (2 uit 64) dat hulle nie genoeg tyd het om die pligte na te kom nie, verklaar 6 persent (4 uit 64) dat hulle nie genoeg ervaring het nie, en betoog 2 persent (1 uit 64) dat daar 'n gebrek aan meelewing by hom is.[102]

Dit kan voorts afgelei word dat byna die helfte van die groep voogdosente twyfel oor hul bevoegdheid as voogdosente en daarom verwys heelparty van hulle ook van hul pleegstudente na deskundiges vir hulp en raad. So byvoorbeeld het 52 persent (33 uit 64) van die voogdosente van hulle pleegstudente na die voorligter, 67 persent (43 uit 64) van hulle pleegstudente na vakdosente en het etlikes van hulle pleegstudente na sielkundiges, dekane, terapeute, departementshoofde, administratiewe personeel, predikante, ander voogdosente en dosente verwys.[103]

---

100. Bylae VII, 31(b) en (b)(i).
101. Bylae VII, 31(b)(ii) - (v).
102. Bylae VII, 31(c) en (c)(i) - (v).
103. Bylae VII, 26(a)(i) - (xii).

(i) Kontak met ouers van pleegstudente

Nouer samewerking tussen die ouers van eerstejaarstudente en die Universiteit kan moontlik daartoe bydra dat sommige eerstejaars beter sal aanpas en vorder. Die persoon aan die Universiteit wat na die eerstejaar omsien, is onder andere die voogdosent en daarom sou dit ook wenslik wees dat die voogdosente hul pleegstudente se ouers ontmoet. In hierdie verband val dit op dat slegs 8 persent (29 uit 347) van die pleegstudente gerapporteer het dat hulle ouers hulle voogdosente ontmoet het.[104]

(j) Voorkeure van pleegstudente ten opsigte van hulpverlening

Die meeste, naamlik 28 persent (48 uit 174) eerstejaarmanstudente wat kosgangers is, het verkies om binne die eerste week van die jaar by hul mede-eerstejaars raad te vra in geval van probleme, 22 persent (39 uit 174) het hul voogdosent verkies, 21 persent (36 uit 174) het op hierdie stadium hul Ouboet verkies, 9 persent (16 uit 174) het seniorstudente verkies, 7 persent (16 uit 174) het verkies om by hulle huisvader hulp te vra, en 13 persent (23 uit 174) het dié vraag nie beantwoord nie.[105]

Gedurende die tweede semester het sommige van hierdie groep pleegstudente egter hul voete gevind, sommige het vertroue in hul medestudente gekry sodat 31 persent (54 uit 174) van die groep eerstejaars verkies het om op hierdie stadium by die seniorstudente hulp te vra in geval van probleme, 'n verdere 27

---

104. Bylae VIII, 6(k)(i).
105. Bylae VIII, 5(m)(i) - (vi).

persent (47 uit 174) het hulle Ouboet om raad gevra, 12 persent (21 uit 174) het nog by hulle mede-eerstejaars raad gevra, 9 persent (16 uit 174) het verkieslik hulle huisvader genader,[106] 6 persent (11 uit 174) het kans gesien om by enigeen hulp te vra en 1 persent (2 uit 174) by 'n huiskomiteelid.[107] Dit is in hierdie verband opmerklik dat die persentasie wat verkies om die voogdosent om hulp te nader op hierdie stadium tot slegs 13 persent (23 uit 174) gedaal het.[108]

Uit voorgaande blyk dat meer eerstejaar-manstudente wat in die koshuise was, bereid was om ten tye van die tweede semester, in geval van probleme, hulle medestudente as hulle voogdosente te raadpleeg.

Sommige van die eerstejaar-manstudente wat in koshuise was, sien egter om een of ander rede nie kans om by sekere van voorgenoemde persone hulp te vra nie soos blyk uit die feit dat 19 persent (33 uit 174) nie kans sien om by 'n mede-eerstejaar hulp te vra nie, omdat hulle te min weet; 17 persent (30 uit 174) wil nie by hul huisvaders hulp vra nie, omdat hulle huisvaders geen kontak met hulle het nie; 14 persent wil nie by hul voogdosente hulp vra nie, omdat hul voogdosente vir hulle onbekend is; 1 persent (2 uit 174) wil niemand raadpleeg nie; 9 persent wil nie hul Ouboet raadpleeg nie, omdat hul Ouboet nie in hulle belangstel nie; 9 persent (16 uit 174) wil nie by 'n seniorstudent hulp vra nie, omdat die seniorstudent hulle nie kan help nie; 11 persent (20 uit 174) sal by enigiemand raad vra afhangende van die probleem;[109] en 18

106. Bylae VIII, 5(n)(i) - (v).
107. Bylae VIII, 5(n)(vi) en (vii).
108. Bylae VIII, 5(n)(iii).
109. Bylae VIII, 5(o)(i) - (vii).

persent (32 uit 174) van hierdie groep eerstejaars het nie die vraag beantwoord nie.[110]

Uit voorgaande is dit duidelik dat sommige studente, al het hulle probleme, nie hulp sal vra nie, dat sommige juis teen daardie persone wat hulp aan hulle moet verleen 'n vooroordeel het; en dat slegs 'n geringe persentasie verkies om die voogdosent om hulp te nader, te wete tussen 13 en 22 persent.

Dit val egter op dat wanneer al die kosganger-eerstejaarstudente, dit is mans en dames, in aanmerking geneem word, die orde van voorkeur vir raadpleging aanmerklik van die voorgaande verskil. Indien die huisvader/moeder en die voogdosent teenoor mekaar gestel word vir raadpleging in geval van probleme gedurende die tweede semester, verkies 50 persent (164 uit 325) om by hul voogdosent hulp te vra, terwyl 44 persent (144 uit 325) op hierdie stadium die huisvader/moeder verkies en 2 persent (8 uit 325) het die matrone as 'n moontlikheid vir raadpleging genoem, 1 persent (2 uit 325) skryf dat dit afhang van die hulp wat verlang word en 2 persent (7 uit 325) het nie die vraag beantwoord nie.[111]

Indien die Ouboet/Oudame en die voogdosent teenoor mekaar gestel word vir raadpleging, verkies 51 persent (165 uit 325) van voorgenoemde groep eerstejaars hul Ouboet/Oudame, terwyl 33 persent (107 uit 325) hul voogdosent verkies, 2 persent (7 uit 325) voer aan dat dit afhang van die aard van die probleem, 1 persent (4 uit 325) noem die matrone as 'n moontlikheid vir raadpleging, 2 persent (6 uit 325) verkies geeneen en 11 persent (36 uit 325) het nie op die vraag gereageer nie.[112]

---

110. Bylae VIII, 5(o)(viii).
111. Bylae VIII, 7(f)(i) - (v).
112. Bylae VIII, 7(h)(i) - (vi).

Dit is nog eens duidelik dat die groep eerstejaarstudente gedurende die tweede semester verkies om hulle medestudente te raadpleeg in geval van probleme. Wanneer die huisvader/moeder en voogdosent teenoor mekaar gestel word, verkies 'n baie klein meerderheid om by hul voogdosent hulp te vra. Hier moet egter gemeld word dat die huisvaderstelsel ten tye van die ondersoek slegs een semester in swang was en veral vir die mans 'n nuwigheid was waarteen hulle gekant was.[113]

(k) Waarde van die vraelys aan eerstejaars

Die vraelys aan eerstejaarstudente word onder andere deur die voogdosent gebruik om agtergrondskennis van sy pleegstudente ter hand te hê. Hierdie vraelys word egter slegs deur sommige, te wete 45 persent (29 uit 64), voogdosente gebruik.[114] Die meeste van hierdie 45 persent, naamlik 28 persent (18 uit 64) van die voogdosente, het dit gebruik om inligting ten opsigte van prestasies, deelname aan aktiwiteite op skool en beroepskeuse te verkry,[115] 9 persent (6 uit 64) het dit gebruik om persoonlike inligting van die student te verkry,[116] 5 persent (3 uit 64) om pleegstudente se ouers se adresse te bekom ten einde met hulle kennis te maak[117] en 3 persent (2 uit 64) het dit gebruik om inligting ten opsigte van vakkeuse en prestasies te verkry.[118] Die meerderheid, naamlik 55 persent (35 uit 64) van die voogdosente het nie van die vraelys gebruik gemaak nie.[119] Een hiervan (2 persent) voer aan

---

113. Volgens mondelinge mededeling van die huisvaders proff. S.J. Preller, W.N. Coetzee en W.J. de Klerk.
114. Bylae VII, 27(a).
115. Bylae VII, 27(a)(iii).
116. Bylae VII, 27(a)(ii).
117. Bylae VII, 27(a)(i).
118. Bylae VII, 27(a)(iv).
119. Bylae VII, 27(b).

dat hy slegs 2 pleegstudente gehad het en dat dit gevolglik maklik was om die besonderhede te onthou. Ses persent (4 uit 64) het slegs aan die begin gereeld, en daarna selde, die besonderhede op die vraelyste gebruik en die orige 47 persent (30 uit 64) het geen besonderhede gegee nie.[120]

In weerwil van die feit dat die meerderheid van die groep voogdosente selde of nooit van die vraelys gebruik gemaak het, verklaar 59 persent (38 uit 64) nogtans dat die vraelys aan eerstejaars waardevol is[121] en behoue moet bly,[122] omdat dit 'n sekere mate van agtergrondskennis verskaf soos onder andere skoolprestasies, belangstellings, deelname aan aktiwiteite op skool, kerkverband en voornemens van die student wat as aanknopingspunt vir die dosent dien en noodsaaklik is by die leiding van en hulpverlening aan die student.[123] Agt en twintig persent (18 uit 64) van die groep voogdosente beveel egter aan dat met die vraelys weggedoen moet word omdat hulle dit as waardeloos beskou.[124] Die orige 13 persent (8 uit 64) is onseker of met die vraelys weggedoen moet word omdat hulle dit tog as van geringe waarde beskou in soverre dit in 'n mate help om die persoonlike en skolastiese agtergrond, die belangstellings, studierigting en huislike agtergrond van pleegstudente te wete te kom.[125]

(1) <u>Die waarde van die voogdosentstelsel volgens respondente</u>

Ontleding van die antwoorde van voogdosente, pleegstudente en persone met wie onderhoude gevoer is dui daarop dat die

---

120. Bylae VII, 27(b)(i) - (iii).
121. Bylae VII, 29(a).
122. Bylae VII, 28(b).
123. Bylae VII, 29(a)(i).
124. Bylae VII, 28(a) en 29(c).
125. Bylae VII, 28(c) en 29(b).

voogdosentstelsel in 'n meerdere of mindere mate van waarde is ten opsigte van algemene maar ook deskundige leiding en oriëntering, van die eerstejaar met betrekking tot die akademie, die verenigings-, sport-, koshuis- en sosiale lewe; verwelkoming van die eerstejaar aan die universiteit en bevordering van 'n gevoel van geborgenheid by die eerstejaar; toesig oor en beheer van eerstejaars; gerusstelling van die ouers van eerstejaarstudente en oplossing van probleme van eerstejaars deur die voogdosent self of deur deskundiges.

(i) <u>Leiding en oriëntering van die eerstejaar</u>

a) Algemene leiding en oriëntering.

Wat leiding of oriëntering van die eerstejaarstudent ten opsigte van die aanpassing by die universiteitsituasie betref, beskou 78 persent (50 uit 64) van die voogdosente die stelsel as waardevol, 14 persent (9 uit 64) beskou dit as waardeloos en 8 persent (5 uit 64) is in hierdie verband onseker.[126] Ook 70 persent (7 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is, sien die waarde van die stelsel in die leiding van of hulpverlening aan die eerstejaar sodat hy beter kan aanpas.[127]

b) Besondere leiding en oriëntering.

(1) Die voogdosentstelsel oefen klaarblyklik in mindere of meerdere mate 'n invloed uit op verskillende terreine van die studentelewe. Hoewel die invloed moeilik bepaalbaar is, beskou 59 persent (38 uit 64) van die voogdosente dit dat die stelsel 'n positiewe

---

126. Bylae VII, 24(d)(i) en (ii).
127. Bylae IX, 3(b).

invloed op die akademiese lewe gehad het, 11 persent (7 uit 64) sê dat dit geen invloed gehad het nie en 30 persent (19 uit 64) sien die invloed as moeilik bepaalbaar.[128]

(2) Wat die verenigingslewe betref, beweer slegs 25 persent (16 uit 64) dat die invloed positief was, 23 persent (15 uit 64) dat daar geen invloed was nie en 52 persent (33 uit 64) beskou die invloed as moeilik om te bepaal.[129]

(3) Ook wat die sportlewe betref, beskou slegs 27 persent (17 uit 64) van die voogdosente dat die stelsel se invloed positief was. Daarteenoor beweer 20 persent (13 uit 64) dat dit geen invloed gehad het nie en 53 persent (34 uit 64) dat die invloed moeilik bepaalbaar is.[130]

(4) Ten opsigte van die koshuislewe sien 28 persent (18 uit 64) die stelsel se invloed as positief, 19 persent (12 uit 64) betwyfel die positiewe invloed en 53 persent (34 uit 64) beskou die invloed as moeilik om vas te stel.[131]

(5) Wat die sosiale lewe betref, beweer 27 persent (17 uit 64) dat die stelsel 'n positiewe invloed gehad het, 23 persent (15 uit 64) verklaar dat dit geen invloed gehad het nie en 50 persent (32 uit 64) beskou die invloed as moeilik bepaalbaar.[132]

---

128. Bylae VII, 16(a)(i).
129. Bylae VII, 16(a)(ii).
130. Bylae VII, 16(a)(iii).
131. Bylae VII, 16(a)(iv).
132. Bylae VII, 16(a)(v).

(ii) Verwelkoming aan die Universiteit en bevordering van 'n gevoel van geborgenheid by die eerstejaar

Die voogdosent is een van die eerste persone aan die Universiteit met wie die eerstejaar aan die begin van die jaar kennis maak en deur wie hy verwelkom word. Dit is inderdaad ook een van die oogmerke van die stelsel om 'n gevoel van geborgenheid by die eerstejaar te bewerkstellig - hy moet kan voel dat hy welkom is, dat daar kontak is; hy moet tuis en veilig voel en 'n gevoel van liefde en warmte ondervind sodat hy beter kan aanpas en vorder. Dit val op dat 68 persent (236 uit 347) van die pleegstudente die stelsel in hierdie opsig as waardevol beskou.[133] Dieselfde vraag is op twee verskillende plekke aan voogdosente gestel en 75 persent (48 uit 64) in die een geval[134] en 89 persent (57 uit 64) in die ander,[135] beskou die stelsel as waardevol ten opsigte van kennismaking met die eerstejaar. Die reaksie van nie-voogdosente is buite rekening gelaat aangesien dit nie verteenwoordigend is nie.[136] Drie en dertig persent (21 uit 64) van die voogdosente motiveer hul standpunt as volg: dit gee sekuriteit aan die eerstejaar, onmiddellike probleme kan opgelos word, die student kan sy voete geredeliker vind, die student het 'n plek om hulp te soek en die student kry meer selfvertroue na kennismaking.[137] Voorgaande word onderskryf deur 90 persent (9 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is.[138]

---

133. Bylae VIII, 6(i)(i) en (j)(i).
134. Bylae VII, 11(a)(i).
135. Bylae VII, 24(a)(i).
136. Bylae VII, 11(b).
137. Bylae VII, 11(c)(i).
138. Bylae IX, 3(a).

(iii) Toesig en beheer oor die vordering van eerstejaars

Slegs 33 persent (21 uit 64) van die voogdosente beskou die stelsel in hierdie opsig as waardevol, terwyl 31 persent (20 uit 64) dit as waardeloos beskou en 36 persent (23 uit 64) nie seker is nie.[139] Veertig persent (4 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is, sien die stelsel as waardevol in hierdie opsig.[140]

(iv) Gerusstelling van ouers van studente

'n Verdere deug van die stelsel, genoem deur 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is en deur een voogdosent, is dat die stelsel as 'n gerusstelling vir die ouer van die student dien aangesien hy weet dat minstens die voogdosent aan die Universiteit na sy kind se belange omsien.[141]

(v) Oplossing van probleme van eerstejaars

a) Deur die voogdosent self.

Twee en sewentig persent (46 uit 64) van die groep voogdosente beskou die stelsel as van direkte waarde by die oplos van die eerstejaar se aanpassingsprobleme, terwyl slegs 8 persent dit in hierdie verband as waardeloos bestempel.[142]

b) Deur deskundiges na wie pleegstudente verwys is.

Die voogde kan egter ook indirek hulp verleen, want as die voogdosent self nie kans sien om die pleegstudent ten opsigte van die oplossing van sy probleme

---

139. Bylae VII, 24(c)(iii).
140. Bylae IX, 3(c).
141. Bylae IX, 3(d) en Bylae VII, 25(a)(i).
142. Bylae VII, 24(b)(iii).

te help nie, kan sodanige studente na deskundiges vir hulp en leiding verwys word. Die meeste voogdosente, naamlik 67 persent (43 uit 64), het van hulle pleegstudente na vakdosente verwys vir hulp en leiding, 52 persent (33 uit 64) het hul pleegstudente na 'n voorligter verwys, 14 persent (9 uit 64) het hulle na 'n sielkundige verwys, 5 persent (3 uit 64) na iemand anders, 2 persent (1 uit 64) na terapeute, 8 persent (5 uit 64) na dekane,[143] 5 persent (3 uit 64) na die administrasie, 2 persent (1 uit 64) na ander voogdosente, 5 persent (3 uit 64) na predikante, 2 persent (1 uit 64) na die personeel van die konserwatorium, 2 persent (1 uit 64) na 'n departementshoof en 2 persent (1 uit 64) het hul pleegstudente na ervare studente verwys.[144]

Uit voorgaande blyk dat heelwat voogdosente van deskundige hulp gebruik gemaak het in hul hulpverlening aan pleegstudente en dit moet ook as 'n besliste voordeel van die stelsel gesien word.

(vi) <u>In die algemeen</u>

Die meerderheid van die groep voogdosente (69 persent of 44 uit 64) beskou die voogdosentstelsel in die algemeen as waardevol[145] en motiveer as volg: Volgens 3 persent (2 uit 64) help die stelsel die voogdosente om beter met die eerstejaar se aanpassingsprobleme kennis te maak, volgens 6 persent (4 uit 64) is dit vir die eerstejaar 'n gerusstelling om te weet dat daar 'n ouer persoon is na wie hy met sy probleme

143. Bylae VII, 26(a)(i) - (vi).
144. Bylae VII, 26(a) (vii) - (xii).
145. Bylae VII, 25(a).

kan gaan, volgens een voogdosent presteer studente beter na onderhoude omdat hy dan met meer vrymoedigheid hulp vra, volgens een (2 persent) bekom eerstejaars deur middel van die stelsel juiste inligting, ses persent (4 uit 64) beweer dat die stelsel bydra tot algemene vorming en oplossing van eerstejaars se probleme, 'n verdere 9 persent (6 uit 64) voer aan dat die stelsel veral gedurende die eerste 3 weke bydra tot die oplos van aanpassingsprobleme maar ook daarna van waarde is ten opsigte van onverwagte probleme, volgens 6 persent (4 uit 64) word persoonlike kontak tussen student en dosent verbeter, een voogdosent (2 persent) voer aan dat eerstejaars deur middel van die stelsel bemoedig word, en 3 persent beweer dat die stelsel in enkele gevalle voorkom het dat studente die Universiteit weens swak prestasie verlaat.[146]

Agt persent (5 uit 64) van die voogdosente beskou die stelsel as waardeloos[147] en hulle motiveer as volg: pleegstudente kom nie spontaan na hul voogdosente toe nie (2 persent of 1 uit 64), en dit het weinig invloed op die hoë druipsyfer aangesien slegs enkele pleegstudente nooit 'n vak druip nie (2 persent of 1 uit 64).[148]

Drie en twintig persent (15 uit 64) is onseker of die stelsel enige waarde het,[149] omdat die waarde moeilik bepaalbaar is veral as pleegstudente ander vakke neem (5 persent of 3 uit 64), omdat suksesse en mislukkings nie met sekerheid aan een enkele instansie toegeskryf kan word nie (3 persent of 2 uit 64), of omdat hulle hulself as onbevoeg beskou om 'n mening te gee

146. Bylae VII, 25(a)(ii) - (x).
147. Bylae VII, 25(b).
148. Bylae VII, 25(b)(i) en (ii).
149. Bylae VII, 25(c).

(5 persent of 3 uit 64).[150]

Dit blyk dat die meeste voogdosente om verskillende redes die stelsel as waardevol bestempel.

(m) Die leemtes van die voogdosentstelsel volgens respondente

Dit val op dat 75 persent (48 uit 64) van die voogdosente geen kennis van onreëlmatighede by die voorligting van pleegstudente dra nie,[151] en dat 14 persent (9 uit 64) onseker is van dergelike onreëlmatighede.[152] Die orige 11 persent (7 uit 64) voer egter aan dat die volgende onreëlmatighede tog sporadies voorkom.[153]

(i) Een voogdosent is bewus van 'n student wat ten opsigte van 'n vak verkeerde advies ontvang het en wat gevolglik vir die student probleme geskep het.

(ii) Een beweer dat eerstejaars soms verkeerdelik geadviseer word ten opsigte van matrikulasievrystelling.

(iii) Een voer aan dat voogdosente studente soms afraai om vakke te neem waarteen hulleself 'n antipatie het.

(iv) Een beweer dat enkele voogdosente nie alle afsprake met hul studente nakom nie.

(v) Een voogdosent verklaar dat onderhoude afgejaag word.[154]

Ook die persone met wie onderhoude gevoer is, noem sekere leemtes van die stelsel: negentig persent (9 uit 10)

150. Bylae VII, 25(c)(i) - (iv).
151. Bylae VII, 30(a) 1).
152. Bylae VII, 30(a) 3).
153. Bylae VII, 30(a) 2).
154. Bylae VII, 30(a) 2)(ii) - (vii).

beskou die gebrek aan voortgesette kontak na oriëntering as 'n belangrike leemte van die stelsel, 60 persent (6 uit 10) voer aan dat voogdosente te veel verpligtinge en te min tyd het om hierdie belangrike taak na wense te verrig, 60 persent (6 uit 10) beweer dat nie alle voogdosente na wense opgelei of bevoeg is vir hulle taak nie, en een persoon verklaar dat die stelsel ondoeltreffend toegepas word.[155]

Daar dien op gelet te word dat voorgaande in 'n besondere mate gestaaf word deur die bevindinge van die Sentrale Opname-komitee van die Senaat van die P.U. vir C.H.O.[156] dat die groot meerderheid departemente die potensiële waarde van die voogdosentstelsel beklemtoon en dit eerder uitgebrei as ingekort wil sien, maar dat die stelsel die volgende leemtes vertoon: gebrekkige korrelasie tussen die vakke van die voog en pleeg-student, gebrek aan vrymoedigheid by studente om die voog met hul probleme te nader, verloregaande kontak tussen voog en student na die eerste 2 tot 4 weke van die jaar, veelvuldige pligte en gebrek aan tyd van voogdosente wat dit vir hulle moeilik maak om voldoende aandag aan pleegstudente te bestee, en onvoldoende voogdosente.

(n) <u>Aanbevelings deur respondente aan die hand gedoen</u>

Alhoewel die oorgrote meerderheid van die pleegstudente, naamlik 87 persent (301 uit 347) geen aanbevelings gemaak het nie,[157] het 69 persent (55 uit 80) van die dosente (voogdosente, gewese-voogdosente en nie-voogdosente) wel positiewe aanbevelings met die oog op uitskakeling van leemtes gemaak,[158] te wete:

---

155. Bylae IX, 4(a) - (d).
156. SENTRALE OPNAMEKOMITEE VAN DIE SENAAT: Akademiese en verwante aangeleenthede aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 183.
157. Bylae VIII, 6(m)(i).
158. Bylae VII, 32(a).

(i) Dertig persent (24 uit 80) van die dosente beskou dit as noodsaaklik dat die pleegstudente die vak moet neem wat hul voogdosent doseer ten einde gereelde kontak te verseker[159] en hierdie siening word deur (2 persent of 6 uit 347) van die pleegstudente[160] en deur 90 persent (9 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is, onderskryf.[161] Vier persent (3 uit 80) van die groep dosente benadruk dat studente verkieslik by dosente wat hulle hoofvakke doseer, ingedeel moet word.[162]

(ii) Sewe persent (6 uit 80) van die betrokke dosente en 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is, beveel aan dat dosente deeglik opgelei moet word ten opsigte van hul pligte as voogdosent. Twee van laasgenoemde persone gee aan die hand dat opleiding by wyse van gereelde samesprekings tussen voogdosente kan geskied.[163]

(iii) Ten einde kontak te verbeter, beveel 20 persent (16 uit 80) van die dosente[164] en 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is,[165] aan dat gereelde afsprake met die pleegstudente deur voogdosente gemaak moet word.

(iv) Vier persent (3 uit 80) van die dosente en 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is, beveel aan dat 'n verpligting op die eerste-

---

159. Bylae VII, 32(a)(i).
160. Bylae VIII, 6(m)(v).
161. Bylae IX, 5(a).
162. Bylae VII, 32(a)(ii).
163. Bylae VII, 32(a)(iii) en IX, 5(h).
164. Bylae VII, 32(a) (iv).
165. Bylae IX, 5(c).

jaar geplaas moet word of dat hy gemotiveer moet word om meermale met sy voog kontak te maak. Een persent (4 uit 347) van die pleegstudente beveel ook aan dat daar nouer kontak tussen voogdosent en pleegstudent verseker moet word.[166]

(v) Een persent (1 uit 80) van die dosente en 30 persent (3 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is,[167] beveel aan dat voogdosente ten opsigte van ander verpligtinge verlig moet word sodat hulle meer tyd en geleentheid kan kry vir voogwerk.

(vi) Ses persent (5 uit 80) van die dosente en 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is,[168] beveel aan dat toetspunte of vorderingsverslae vroegtydig en gereeld aan voogdosente besorg moet word sodat hulle dit as 'n aanknopingspunt kan gebruik om hulp te verleen.

(vii) Drie persent (2 uit 80) van die dosente en 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is,[169] beveel aan dat die stelsel net vir die eerste paar weke moet funksioneer sodat die student, nadat hy sy voete gevind het, selfstandig kan raak.

(viii) Drie persent (2 uit 80) van die dosente[170] en 10 persent van die persone met wie onderhoude gevoer is,[171] beveel aan dat sommige vooggroepe verklein moet word.

---

166. Bylaes VII, 32(a)(v) en IX, 5(d) en VIII, 6(m)(iv).
167. Bylaes VII, 32(a)(vi) en IX, 5(e).
168. Bylaes VII, 32(a)(vii) en IX, 5(f).
169. Bylaes VII, 32(a)(viii) en IX, 5(d).
170. Bylae VII, 32(a)(ix).
171. Bylae IX, 5(g).

(ix) Een persent (1 uit 80) van die dosente beveel aan dat die voogdosent sover moontlik ook sy pleegstudente se ouers moet ontmoet.[172]

(x) Een persent (1 uit 80) van die dosente[173] en 20 persent (2 uit 10) van die persone met wie onderhoude gevoer is,[174] beveel aan dat voogdosente daardie studente wie se probleme hulle nie kan hanteer nie, geredeliker na aangewese deskundige persone of instansies moet verwys vir hulp en raad.

(xi) Dosente het voorts aanbeveel dat beroepsleiding sover moontlik deskundig gegee moet word (1 persent of 1 uit 80); kinders van familie, vriende of bekendes waar moontlik as pleegstudent aan 'n bepaalde voog toegewys moet word (1 persent of 1 uit 80); die vraelys aan eerstejaars verbeter kan word deur dubbelsinnige en moeilike vrae uit te skakel (1 persent of 1 uit 80); meer jong dosente betrek moet word as voogdosente omdat hulle meer toeganklik vir die student is (1 persent of 1 uit 80); die student self sover moontlik 'n voogdosent moet kies (1 persent of 1 uit 80);[175] huisvaders as voogde moet optree vir eerstejaars in die koshuise;[176] dorpseerstejaars onder 1 of 2 voogde ingedeel moet word en dat ander persone as voogde aan die begin van die jaar gevind moet word vir die meer administratiewe reëlings (1 persent of 1 uit 80).[177]

---

172. Bylae VII, 32(a)(x).
173. Bylae VII, 32(a)(xi).
174. Bylae IX, 5(i).
175. Bylae VII, 32(a)(xiii) - (xvii).
176. Bylae VII, 32(a)(xviii) en Bylae VIII, 6(m)(vi).
177. Bylae VII, 32(a)(xviii).

(xii) Vier persent (15 uit 347) van die betrokke pleegstudente beveel aan dat eerstejaars gedurende die eerste paar weke van die jaar onder seniorstudente verdeel moet word vir hulp en raad.[178]

Respondente het ook negatiewe aanbevelings gemaak, soos blyk uit die volgende:

(i) Vier persent (3 uit 80) van die dosente beweer dat dit nie nodig is om eerstejaars te help nie aangesien hoër onderwys aan 'n geselekteerde groep gegee word wat juis selfstandig moet raak en wat graag op hulle eie voete wil staan.[179]

(ii) Drie persent (2 uit 80) van die dosente en minder as een persent (1 uit 347) van die pleegstudente het aanbeveel dat die stelsel afgeskaf moet word omdat dit ondoeltreffend en sonder waarde is.[180] Een dosent (1 persent) merk in hierdie verband op dat nog geeneen van sy pleegstudente in die loop van die jaar met spesifieke probleme te doen gekry het nie, dat dit tog meestal die swak studente is wat hulp moet kry en dat hulle dit buitendien sou gekry het, ongeag die voogdosentstelsel.[181]

(iii) Een dosent (1 persent) beskou die hele stelsel as te geforseerd.[182]

(iv) Minder as een persent van die pleegstudente wat aanbevelings gemaak het, gee aan die hand dat

---

178. Bylae VIII, 6(m)(ii).
179. Bylae VII, 32(b)(i) en (ii).
180. Bylaes VII, 32(b)(iii) en VIII, 6(m)(viii).
181. Bylae VII, 32(b)(iv).
182. Bylae VII, 32(b)(v).

die huiskomitee die pligte van die voogdosent moet oorneem.[183]

Twee en twintig persent (18 uit 80) van die groep dosente het geen aanbevelings gemaak nie.[184]

Dit val ook hier op dat die bevindinge van die Sentrale Opnamekomitee voorgaande aanbevelings staaf, aangesien ook hierdie komitee voorstel dat:[185] studente onder voogdy van 'n dosent by wie hulle klas loop geplaas moet word; seniorstudente as studente-voogde betrek moet word; damestudente onder voogdy van dames geplaas moet word; vaste datums vir ontmoeting met die voog vroegtydig bepaal moet word, en die studente verplig moet word om afsprake na te kom; voogdosente hulle studente aan huis moet ontmoet; die doseer- en administratiewe pligte van voogdosente verlig moet word sodat hulle meer tyd vir voogskap kan verkry; en veral ouer en meer ervare dosente as voogde betrek moet word.

## 3. SAMEVATTING

'n Ontleding van die response dui daarop dat die meerderheid van die groep voogdosente en gewese voogdosente positief ingestel is teenoor die voogdosentstelsel.

Die meerderheid van die groep voogdosente doen sedert die instelling van die stelsel diens, maar alle voogdosente beskik oor relatief min ervaring omdat die stelsel ten tye van die ondersoek slegs 3 jaar gefunksioneer het.

---

183. Bylae VIII, 6(m)(vii).
184. Bylae VII, 32(c).
185. SENTRALE OPNAMEKOMITEE VAN DIE SENAAT: Akademiese en verwante aangeleenthede aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 183.

Twee en negentig persent van die eerstejaarstudente van 1966 was aan voogdosente toegewys.

Slegs 19 persent van die vooggroepe het uit meer as 10 studente bestaan, maar 46 persent van die pleegstudente was by hierdie groter groepe betrokke sodat hulle weens die noodwendig beperkte individuele aandag waarskynlik minder voordeel van die stelsel gehad het.

Kontak tussen voog en pleegstudente is aan die begin van die jaar op die gestelde tye goed maar daarna gaan die kontak grootliks verlore behalwe as die voogdosent vir sy pleegstudent klasgee. Volgens die meerderheid van die respondente maak sommige pleegstudente inderdaad van hulle voogdosente se hulp gebruik en baat verreweg die meeste by die hulp.

Slegs sommige voogdosente poog ook om op hoogte te bly met hul pleegstudente se vordering en aanpassing.

Volgens die meerderheid van die voogdosente maak pleegstudente sowel as ander studente van hulle hulp gebruik. Die meeste hulp word gedurende die eerste week van die jaar gevra.

Groepvoorligting word in breë kring oor verskeie onderwerpe rakende die universiteitsituasie gegee, maar ook individuele voorligting word deur die groot meerderheid voogdosente gegee.

Ietwat meer as die helfte van die groep voogdosente beskou hulself as goed toegerus om as voogdosente op te tree.

'n Baie geringe persentasie van die pleegstudente se ouers het hulle voogdosente ontmoet.

Die meerderheid van die pleegstudente verkies om aan die begin van die jaar by hulle voogdosent hulp te vra in geval van probleme terwyl die meerderheid gedurende die tweede semester hulle mede-

studente verkies.

Die meerderheid van die voogdosente het nie van die vraelys aan eerstejaars gebruik gemaak nie, maar beskou die vraelys nietemin as van voldoende waarde om dit te behou.

Die meerderheid van die voogdosente beskou die voogdosentstelsel as waardevol in die algemeen maar veral ten opsigte van die akademie, kennismaking met die eerstejaar, oplossing van probleme, oriëntering van die eerstejaar, en ontdekking en verwysing van probleemgevalle na deskundiges vir hulp en leiding.

Die meerderheid eerstejaars bestempel die stelsel as waardevol en maak inderdaad van hulle voogdosente se hulp gebruik. Hierdie siening word beaam deur die meerderheid van die persone met wie onderhoude gevoer is.

Sommige van die respondente is bewus van onreëlmatighede wat met voorligting aan pleegstudente voorgekom het, terwyl ander die volgende leemtes noem: die gebrek aan voortgesette kontak tussen voogdosent en pleegstudent, te min tyd en te veel verpligtinge van voogdosente, onopgeleide of onbevoegde voogdosente en ondoeltreffende toepassing van die stelsel.

Die belangrikste aanbevelings wat deur respondente aan die hand gedoen is, is dat die pleegstudente 'n vak wat sy voogdosent doseer, moet neem of ten minste by sy voogdosent se departement ingedeel moet wees om gereelde kontak te verseker; dat voogdosente deeglik opgelei moet word; dat afsprake met pleegstudente gereël moet word om gereelde kontak te verseker; dat die pleegstudente verplig moet word om met hulle voogde kontak te maak; dat vorderingsverslae vroegtydig en gereeld aan voogdosente beskikbaar gestel moet word sodat hulle op grond daarvan hulp aan

hul pleegstudente kan verleen; dat die stelsel net vir die eerste paar weke van die jaar moet funksioneer sodat die studente selfstandig kan raak; dat vooggroepe verklein moet word met die oog op makliker behartiging; en dat pleegstudente met probleme wat nie deur die voogdosent opgelos kan word nie, sonder versuim na deskundiges verwys moet word.

Slegs 'n klein minderheid respondente is negatief ingestel teenoor die stelsel en beveel aan dat eerstejaars gelaat moet word om self hulle weg te vind; dat die stelsel afgeskaf moet word; en dat die huiskomitees die pligte van die voogdosente moet oorneem.